Méér as 'n Engelstalige gemeente!

ANDRÉ AGENBAG

Nadat Dr Gert Swart in die sestigerjare die opdrag ontvang het om die bediening onder Jode en Andertaliges te behartig, was die eerste belydenisklas uiteindelik gereed om belydenis van hulle geloof af te lê. Dié klassie van twaalf het Jode, Portugese, Engelse, Italianers en Rooms-Katolieke ingesluit. Die gemeente onder wie se toesig dié bediening gestaan het, het eenvoudig botweg geweier om die "volksvreemdes" se name in hulle lidmateregister te laat inskryf. Dié gemeente se brief aan die ARK is beantwoord met toestemming vir die twaalf en Dr Swart om 'n eie gemeente sonder grense te begin.

Op Opstandingsondag 1965 is die eerste erediens in Johannesburg gehou. Die eerste belydenisklas het eenparig besluit die naam van dié gemeente moet Andrew Murray wees. En die rede? Soos wat Andrew Murray sy Skotse en Presbiteriaanse agtergrond verlaat het om die evangelie aan Afrikaners te bring, het Afrikaners nou die evangelie aan "andertaliges" gebring. Dus, 'n bediening oor taal- en kultuurgrense heen.

Die eerste Andrew Murray gemeente in Johannesburg is opgevolg deur eweknieë in Pretoria (onderskeidelik Portugees en Engels), Bloemfontein, Durban, Oos-Londen en – onder 'n ander naam – in Kaapstad. Vandag vaardig net minder as twintig NG gemeentes met 'andertalige' bedienings in Suider-Afrika verteenwoordigers af om die Konferensie vir Andertalige Bediening jaarliks in Johannesburg by te woon. Benewens verskeie Afrikaanse gemeentes in die NG Kerk wat nou aanvullende Engelstalige bedienings ontwikkel het, is daar ook gemeentes uit Zambië, Zimbabwe en Mosambiek wat by die konferensie verteenwoordig word. Dié jaarlikse konferensie probeer om 'n pastorale ruimte vir veeltalige en multikulturele gemeentes te wees. Die praktyk het geleer dat homogene gemeentes min verdraagsaamheid jeens veeltalige en multikulturele bedienings het. Dit wil ook hulpbronne beskikbaar stel aan en jarelange ervaring deel met alle belangstellende gemeentes.

Andrew Murray Pretoria het in 1966 tot stand gekom en was oor die jare 'n geestelike tuiste vir gelowiges van meer as 33 nasionaliteite. Eredienste word in Engels gehou en tans is 65% van die lidmate Afrikaanssprekend, 26% Engelssprekend en 9% is Sotho, Amerikaans, Kanadees en Bulgaars. Die gemeente sluit 'n hele klompie egpare in wat saamgestel is uit beide Engels- en Afrikaanssprekende huweliksmaats. Daar is Afrikaanssprekende ouers wie se kinders na Engelse skole gaan asook mense uit die Diplomatieke Diens wie se kinders oorsee verengels het. Baie mense vind die hoë persentasie Afrikaanssprekende lidmate (65%) in 'n Engelssprekende NG gemeente vreemd. Afrikaanssprekende mense is al vir dekades lank lidmate van Andrew Murray gemeente en die redes wat hulle aanvoer vir hulle lidmaatskap is baie verhelderend en bevestig die vermoede dat die Andrew Murray-identiteit op verskeie ander vlakke as bloot die taalkundige lê.

Dit lyk werklik asof die Engelse voertaal veroorsaak het dat die volkskerk-verskynsel nooit toegang tot die Andrew

Murray gemeentes gekry het nie. Dis moeilik om jou vinger daarop te sit, maar lidmate en leraars getuig van 'n ontspanne gevoel en ligtheid in die bediening wat hulle nie in tradisionele Afrikaanse gemeentes ervaar het nie. Verduidelikings vir vreugdevolle lidmaatskap sal dikwels neerkom op 'n afwesigheid van die tradisionele vermenging van kulturele en godsdienstige belange.

Andrew Murray Pretoria was nog altyd 'n relatiewe klein gemeente wat skaars hul eie leraar kon bekostig. In die laat negentigerjare het die gemeente 'n finansiële laagtepunt bereik. In dieselfde tyd het die NG gemeente Lynnwood begin om belangstelling te toon in die ontwikkeling van 'n eie Engelstalige bediening. Na advies van onder andere Ds Johann Symington het Lynnwood met Andrew Murray begin samesprekings voer oor moontlike eenwording. In Augustus 1999 het Andrew Murray ontbind en deel van Lynnwood gemeente geword. Andrew Murray het van toe af as 'n sewende wyk van Lynnwood se Sentrale Kerkraad gefunksioneer. Lynnwood het 'n predikant met opdrag Andrew Murray bediening beroep en voortaan was Andrew Murray 'n onafhanklike bediening van die breër Lynnwood opset.

Baie lidmate het groot waardering vir die meer mistieke belewing van God – maar dan nie charismatiese mistiek nie, maar meer 'n Gereformeerde en ekumeniese mistiek

Baie van die tipiese Andrew Murray lidmate is mense wat ontnugter is het met die waardes van tradisionele Afrikaanse gemeentes. In 'n sekere sin het ervaring ons geleer dat die Andrew Murray gemeentes 'n tuiste word vir van die kerklos lidmate van die NG Kerk. Hierdie lidmate hou van eredienste wat 'n formele Gereformeerde liturgie het, terwyl dit informeel en ontspanne ingerig word. Baie lidmate het groot waardering vir die meer mistieke belewing van God – maar dan nie charismatiese mistiek nie, maar meer 'n Gereformeerde en ekumeniese mistiek.

Verdraagsaamheid vir verskillende teologiese aksente is 'n kenmerk van die gemeente. In die gemeente is daar lidmate wat ruimte het om uitdrukking te gee aan hulle ernstige twyfel en eksentrieke geloofsbeskouings. Tog sal feitlik niemand belangstel in gesprekke of besprekings oor die historiese Jesus, die opstanding, die maagdelike geboorte ensovoorts nie. Hier blyk dit dat Andrew Murray lidmate se omvattende mistieke ingesteldheid 'n soort raamwerk vorm waarbinne die historiese vraagstukke spontaan geïntegreer word.

Andrew Murray Pretoria het twee swart kerkraadslede. Die bevestiging van ons eerste swart vrou tot die amp van ouderling was baie spesiaal vir almal en tog is die gemeente amper onbewus van die feit dat swart en wit lidmate tot dieselfde gemeente en kerkraad behoort.

Op 'n manier is die spontane en byna moeitelose manier waarop 'n groot verskeidenheid lidmate by Andrew Murray Pretoria aanbid, die grootste kenmerk van die gemeente.

Op 'n manier is die spontane en byna moeitelose manier waarop 'n groot verskeidenheid lidmate by Andrew Murray Pretoria aanbid, die grootste kenmerk van die gemeente. Maar soos met God se genade sukkel mens altyd om jou vinger presies op die redes te sit.